


# BEKROONDE ***WOEMPA*** GENETIKA

deur Pieter Lamprecht







Drie van die groot legendes in die Wes-Zambiese bedryf is oorspronklik deur Sable Ranch ingevoer, nl. Madala, Big Boy en Woempa. Madala, vader van Charlie 50½" en Tsunami 48", het geen bekendstelling nodig nie. Big Boy, vader van Penwood 49¾", is ook een van die gesogte lyne wat ernstige telers probeer bekom.

En dan Woempa, 'n bul wat in sy fleur 49" was. Hoekom is daar nooit niks gehoor van Woempa nie? Want vir die grootste deel van sy leeftyd was Woempa in 'n geslote kudde waarvan nie baie mense geweet het nie.

Met my soektog na goeie genetika het ek in 2011 vir Dr. Louis Greef, 'n ou skoolvriend, geskakel en gevra waar gaan ek 'n 46" plus swartwitpensbul kry om mee te teel. Hy het vir my gesê dit is nie maklik bekombaar is, maar toe onthou van 'n plek waar hy laatmiddag 'n klomp swartwitpensbulle geskuif het en dat die bulle baie mooi was. Hy het dadelik Woempa Fouchee se nommer vir my gegee.

Ek het vir Woempa geskakel, om na die bulle gaan kyk. Hier het ek vir Woempa en Liefie leer ken. Twee dierbare, sout-van-die-aarde mense, maar Woempa hou daarvan om minstens 'n maand of twee oor 'n voorstel of aanbod te slaap. Ek het gesien dat die swartwitpense wat Woempa geteel het, besonders was.

**Van die eienskappe wat ek kon sien was:**

- Hoë vrugbaarheid.
- Besonderse groot, vol lywe.
- Diere groei nog tot op ouderdom van nege jaar.
- Gemiddeld punte.
- Bonormale lengte van horing tot waar die laaste rif ophou.
- Jy hoef nie 'n Woempa-kalf te soek nie; jy sien hom dadelik in 'n kude – versies het mooi fyn horings en gesiggies met fris lywe, die bulletjies is manlike vollyfdiere.
- Diere het 'n baie mooi rooi kleur.

Ná drie maande van mooi vra en soebat, het ek my eerste bul by hom gekoop. Die bul se naam is Dela Rey, 'n 46½" Zambiese bul, wat nou behoort aan Oom Hannes en Jaco Maree. Net voor ek hom leer ken het, het hy 'n ander bul, Lomba 49¾", verkoop. Lomba het by Hannes Maree en Johan Rabie opgeëindig.

BESTUUR & PRODUKSIE




**LOMBA -** SEUN VAN WOEMPA.

CHIMOYO GAME RANCH


Maar my hart se punt was steeds die bul Woempa. Van hom verkoop, wou Woempa niks weet nie. Ek het met 'n ander voorstel gekom – om bulle vir twee jaar te ruil. Ek het 'n mooi seun van Palanka gehad en ons het toe uiteindelik ooreengekom op 'n ruiltransaksie met hierdie twee bulle. Dit was vir my 'n groot dag toe ek weet ek kan Woempa huis toe bring, want ek kon die waarde sien wat hy tot daardie kudde bygevoeg het.

Woempa het op die ou end vir meer as net twee jaar by my geloop, waarvoor ek baie dankbaar is.




**TRANSVAAL** - SEUN VAN WOEMPA.

> *Die kombinasie telings waarin Woempa aangewend is, se resultate is vandag sigbaar. Ek is oortuig daarvan dat die legende, Woempa, nog lank deur sy nageslag voortgedra sal word.*



**WOEMPA** - RIV - JANUARIE 2015.



**WOEMPA.**




DOGTER VAN WOEMPA.




DOGTER VAN WOEMPA.